



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2014

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.


AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 Dit het my lewe verander. [50]
- 1.2 My grootste liefde [50]
- 1.3 Deur my venster sien ek ... [50]
- 1.4 Sê NEE! [50]
- 1.5 Is familie belangriker as vriende? [50]
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daarvoor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



[Uit: www.fineartamerica.com]

[50]


1.6.2



[Verwerk uit: www.google.com]

[50]

1.6.3



[Uit: *Huisgenoot*, 19 Desember 2013]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 HULDEBLYK

Jou oupa/ouma is onlangs oorlede. Jy moet 'n huldeblyk tydens 'n familiebyeenkoms oor hom/haar lewer.

Skryf die HULDEBLYK neer.

[30]**2.2 DIALOOG**

Jy het 'n T-hemp gekoop wat jy gaan teruggee omdat jy daarmee ontevrede is.

Skryf die DIALOOG tussen jou en die verkoopsman neer en verduidelik waarom jy die T-hemp teruggee.

[30]**2.3 RESENSIE**

Jy en jou gesin het 'n nuwe eetplek besoek.

Skryf 'n RESENSIE vir 'n koerant oor die eetplek waarin jy die eetplek aanbeveel of nie.

[30]**2.4 INFORMELE BRIEF**

Jou maat se pa het sy werk verloor.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan dié maat om hom/haar te help om die situasie te hanteer.

[30]**TOTAAL AFDELING B: 30**

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 PLAKKAAT

Jy het besluit om Afrikaans-ekstraklasse vir graad 8-leerders aan te bied.

Maak 'n PLAKKAAT waarop alle nodige inligting verskyn om hierdie klasse te adverteer.

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jy het 'n afspraak met die dokter oor jou gesondheid.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die dag voor die afspraak
 - Jou gevoelens na die afspraak
- [20]**

3.3 INSTRUKSIES

Jou maat het 'n swak verhouding met sy/haar ouers en is ongelukkig daaroor.

Skryf SEWE INSTRUKSIES neer oor hoe jou maat 'n beter verhouding met sy/haar ouers kan hê.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100